


Uitgawe 57: September 2012

Ons wêreld bestaan uit enorme hoeveelhede klein dele wat slegs nuttig is wanneer ons dit kombineer. Die mensdom se prestasies – vanaf u rekenaar tot talle finansiële transaksies, eiendomsontwikkelings, mediese prosedures en navigasie stelsels – alles is die gevolg van mense en dinge wat saamgevoeg word. Met kennis het Westerse kapitalisme verskillende ekonomiese kombinasies ondersoek ten einde ons rykdom te skep. As 'n moderne samelewing het ons georganiseerde kennis daargestel... in wese "geheuestelsels van inligting en eienaarskap". Bv wie besit wat en waar met ander eienskappe wat verband hou met tasbare (grond, geboue, masjiene) sowel as ontasbare bates (aandele, patente, skuldbriewe ens). Soos in die geval van selle in jou liggaam, is die logika agter die dokumentasie van bates die DNA van die kapitalisme.



Vandag het ons inligtings-fabriek van "quasi-feite". Ons probleem is dat die "geheuestelsels" gestop het, of in sommige gevalle weerhou word om die waarheid te

vertel bv kreatiewe-rekeningkunde, om skuld (verpligtinge) in voetnotas weg te steek, hoë opbrengste wat deur ontleders geprojekteer word, swak data deur graderings-agentskappe en nog meer. Mense **sukkel om menings van feite te onderskei**. Ons het vertroue verloor in die stelsel wat onself geskep het. Meng hierby emosies van gierigheid en vrees en jy kry 'n disfunksionele omgewing om gesonde beleggings-besluite te maak. Wat, of wie sal dit regmaak, of is die onus op ons?

Die Relative Value Arbitrage Fonds (RVAF)

Dit is 'n afgesaagde onderwerp, maar kliënte is waarskynlik bewus van die meer as R3 miljard se skema wat onlangs in die Wes-Kaap in duie gestort het. Blykbaar was dit bedryf as 'n Ponzi-skema en nie 'n wettige privaat ekwiteits- of verskansingsfonds soos deur die ingeloopte beleggers verneem is nie.

'n Ponzi-skema (vernoem na Charles Ponzi) is 'n bedrieglike beleggingskemas wat opbrengste aan sy beleggers betaal vanaf hul eie geld of die geld wat deur die daaropvolgende beleggers betaal word, eerder as van die winste vanuit die bedrywighede van 'n besigheid. Ponzi-skemas lok gewoonlik nuwe beleggers omdat die skema hoër opbrengste as ander beleggings, in die vorm van kort termyn opbrengste wat **óf abnormaal hoog of buitengewoon konsekwent** oor tyd is, uitkeer. Hier is nog 'n skema tot die lang lys van Fidentia, PECF Investments, CMM, Masterbond, Sharemax, Realcor, BlueZone, Owen Wiggins Trust en vele ander. Daar is 'n goue draad deur meeste van hierdie hartseer sages:

- Poleerde individue met 'n joviale persoonlikheid en "betroubare" voorkoms en;

- 'n Uitspattige en spoggerige leefstyl
- Groot waarborge en beloftes met 'n gebrek aan deursigtigheid tov besigheidstransaksies

Oorweeg ons slegs opbrengs wanneer ons belê? Was 'n bekende ouditeursfirma betrokke by die bevordering van so 'n bedrieër? Wat is die RFD (Raad op Finansiële Dienste) se rol? Was die banke nie in staat om verdagte transaksies te identifiseer of te ondersoek nie? Wat is die banke se verpligtinge? Daar is te veel vrae met swak of onduidelike antwoorde...

Wat verstaan ons hiervan?

- Hierdie skemas sal nie ophou nie. Daar is meer aan die kom... wees op die uitkyk vir hulle. As mense is ons geneig om dieselfde foute oor-en-oor te maak
- Hoë opbrengste kom met 'n hoë risiko
- Soek die feite en neem menings met 'n knippie sout. Neem self die tyd om navorsing of die omsigtigheds-ondersoek te doen, of stel 'n gekwalifiseerde persoon aan. Belangrike vrae wat beantwoord moet word: Wat is die opleiding en agtergrond van die individu(e)? Is daar geouditeerde finansiële state? Watter deursigtigheid het die belegger? Hoe vloei kontant deur verskeie entiteite en rekeninge?
- Bly by die bekende instellings met langtermyn prestasie geskiedenis; dws oor dekades. Dit is nie noodwendig 'n waarborg nie, maar bied gemoedsrus
- Belê u in 'n **genoteerde**, of **ongenoteerde** entiteit? As belegger geniet u beskerming deur die reguleerder, en onder watter wet? Geldige strukture het behoorlike SARS dokumentasie
- Moenie net opbrengste najaag omdat u kapitaal tekorte moet opmaak, of omdat u "buurman so goed doen" nie. Dit is 'n cliché, maar as dit te goed klink om waar te wees, is dit gewoonlik

By Afrafin (Edms) Bpk volg ons 'n deeglike beleggingsfilosofie binne 'n hoogs geregleerde omgewing. Dit kom met rompslomp, maar dit is daar om die belegger te beskerm. Ons hele struktuur verseker kliënte dat ons belegging-strategieë die gepaste kontroles het.

Welkom Lésyl Potgieter!



Ons is opgewonde om u mee te deel dat Lésyl onlangs by ons praktyk aangesluit het. Sy het meer as 8 jaar ondervinding as 'n gekwalifiseerde GR(SA) by genoteerde internasionale en plaaslike maatskappye. In 2006 is sy aangestel as trustee van haar familietrust wat haar toetrede tot die finansiële dienste-bedryf aange-

moedig het.

Lésyl het relevante ondervinding as 'n persoonlike finansiële beplanner by Sanlam in Johannesburg opgedoen en tot onlangs was sy 'n onafhanklike beleggingsadviseur by 'n erkende firma in Kaapstad. Lésyl is passievol oor dienslewering en het 'n spesifieke belangstelling in gedrags-finansies. Sy geniet die buitelewe en hou van hardloop en stap.